We are not human beings having a spiritual experience.

We are spiritual beings having a human experience.

- Tielhard de Charding -

TUINROETE AGRI SE JAAREINDE VERANDER VAN 28 FEBRUARIE NA 30 JUNIE

Na deeglike oorweging het Tuinroete Agri se Raad besluit om die maatskappy se finansiële jaareinde van 28 Februarie na 30 Junie te verander. Dit beteken dat die huidige finansiële jaar 16 maande lank sal wees en op 30 Junie 2007 sal eindig.

Die jaarvergadering sal daarom einde November 2007 in plaas van einde Julie 2007 plaasvind.

BRANDSTOFPRYSE: OP EN AF SO OOK VOORRAADVLAKKE!

Tuinroete Agri poog so ver moontlik om brandstofvoorraadvlakke optimaal te bestuur met die doel om deurgaans te verseker dat brandstof vir die kliënt beskikbaar is.

Veranderlikes wat die bestuur van brandstofvoorrade (vlakke) egter ‘n groot uitdaging maak, is onder andere die volgende:

- afhaal/pompskedule by die brandstofdepots;
- afleweringskedule van subkontrakteur wat brandstof aflewer;
- vraag na brandstof by pomp (bv. indien pryse sou styg, word die volle voorraad soms in een dag leeggepomp – en indien pryse sou daal, word soms feitlik geen brandstof op laaste paar dae gepomp nie).

Indien diesel se prys met byvoorbeeld 30 sent per liter sou daal en daar is nog 20 000 liter in voorraad, word ‘n onmiddelike verlies van sowat R6 000 gerealiseer. Dit neem dan maklik 2 tot 3 weke om hierdie verlies weg te werk met brandstofverkope teen die nuwe prys en soms word daar in die maand nadat ‘n groot prysdaling plaasgevind het, glad nie ‘n netto wins op brandstof gerealiseer nie. Die teendeel is ook waar, dat indien pryse styg kan ‘n goeie wins op ou voorraadvlakke gerealiseer word, maar indien pryse styg is voorraadvlakke gewoonlik laag of heeltemal uitgeput omdat almal nog teen die laer prys hul motors en tenks wil vul.

Tuinroete Agri wil sy kliënte egter verseker dat ons so ver moontlik poog om brandstofvoorraadvlakke optimaal tot voordeel van die kliënt te bestuur. Ons vra egter om verskoning vir die gevalle waar brandstoftekorte soms tog plaasvind en vir die ongerief wat dit kan veroorsaak.

Omsetkorting word uitfasseer met nuwe individuele kortingstruktuur

Tot op hede is ‘n korting van 0,5% op aankope een keer per jaar aan aandeelhouers betaal. Tuinroete Agri se Raad het besluit dat hierdie omsetkorting sy doel gedien het en nie meer sin maak nie, veral nie omdat die 0,5% korting ook van toepassing was op produkte met bruto wins marges van minder as 2% nie (soos diesel en kunsmis). Die laaste omsetkortingbetalings vir aankope die afgelope 12 maande periode geëindig 28 Februarie 2007 sal in Mei 2007 gemaak word.

‘n Individuele kortingstelsel word is in proses om geïmplimenteer te word. Kliënte (nie slegs aandeelhouers nie), wat op ‘n gereelde basis groot volume besigheid met Tuinroete Agri doen, kan in die toekoms met hul takhoofde ‘n afslagstruktuur op spesifieke produkkategorieë/ tipes onderhandel. ‘n Ooreengekome kortingstruktuur per individu sal dan vir die ooreengekome periode op die rekenaarstelsel vir die spesifieke produkkategorie/tipe aangebring word. Kliënte hoef dan nie met elke aankoop ‘n korting te onderhandel nie, maar sal die gemoedsrus hê dat die ooreengekome korting outomaties op alle aankope van die spesifieke produkkategorie/ tipe by die betaalpunt afgetrek sal word (met betrekking tot veevoervervaardiging en silodienste word kortings in die toekoms steeds in die gekwoteerde prys ingesluit).

Ons glo dat die nuwe kortingbeleid ‘n meer regverdige metode sal wees om kortings aan ons kliënte deur te gee en dat dit meer direkte voordele aan ons kliënte sal inhou.

J.D. Weys
Besturende Direkteur

KOM BESOEK ONS WEBWERF

www.tagri.co.za

Rekeningnavrae, aandele-inligting, maatskappy inligting, voorraadbeskikbaarheid, winskopies, wenakker-argief asook skakels na nuttige en verwante webwerwe is alles deel van ons gebruikers vriendelike besoekpunt.

Klante en maatskappye kan navraag doen op hul Tuinroete Agri rekeninge deur die internet. Hierdie diens bied rekeninghouers die geleentheid om na al die transaksiebesonderhede te kyk. Aansoeke vir toegang tot rekeningnavrae moet egter eers geverifiëer en goedgekeur word. Infogro, ons webwerfontwikkelaar, verseker aansoekers van hoogstaande sekuriteit. Die aansoekvorm vir registrasie van rekeningnavrae is beskikbaar by **www.tagri.co.za** . U ontvang per kerende e-pos goedkeuring. Die naam en wagwoord is die sekuriteitssleutel tot u rekeningbesonderhede en wil ons u versoek om dit sorgvuldig te bewaar. Indien u enige probleme ondervind is u welkom om met Ronél Robinson of Maria Honiball te skakel by 044-601-1200.



DULUX VERF

Vir persoonlike diens, professionele advies en die beste pryse vir DULUX-verf, kontak gerus u naaste Tuinroete Agri Tak.

NUUS UIT DIE GRAANAF-DELING

SAADVOORSIENING

Die Graanafdeling ondervind ernstige probleme met die voorsiening van saad, aangesien -

1. ‘ n groot deel van ons plaaslike saad as gevolg van te veel reën nie geskik is vir saad nie;

2. ons buurkoöperasies ook alreeds aandui dat hulle saad ook besig is om op te raak.

As gevolg van hierdie faktore sal ons genoodsaak wees om saad van die Wes-Kaapse koöperasies aan te koop, wat weer, as gevolg van vervoerpryse, die saadpryse die hoogte kan laat inskiet.

SKOONMAAK VAN SAAD

Ons is in die fase van skoonmaak van boere eie-saad. Indien u nog u saad wil laat skoonmaak, bespreek asseblief onmiddellik aangesien ons eie saad ook nog verwerk moet word. Ons kan ongelukkig nie, wanneer ons met ons saad begin het, tussenin ander saad skoonmaak nie.

KORINGVOORRAAD

Produsente wat nog koring op hul plase het en selfs dié wat koring in die silo ’s het wat hulle wil verkoop, kan ons silobestuurders kontak indien hulle verlang dat Tuinroete Agri moet beding vir pryse.

Kontak ons gerus:



Graag wil die Tuinroete Agri Krieketspan al ons borge, naamlik Tuinroete Agri, Molatek, Nutek, Breers Landboudienste, Rose en Crown Drankwinkel, Mnr. Jack Hume, Mnr. Wilhelm Zietsman, Mnre. Marko en André Olivier bedank vir hul bydraes om hierdie toernooi vir ons span moontlik te maak. Die “Six-a-Side” krieket toernooi word jaarliks ten bate van die skole in die omgewing gehou en spanne wat deelneem kom van Mosselbaai, Stilbaai, Albertinia, Riversdal en Heidelberg.

Ons span het ongelukkig in die derde rondte uitgeval, maar het dit steeds geniet. Alles ten bate vir die toekoms van ons kinders!

Weereens baie dankie vir al die bydraes en ondersteuning!

Kabouterland Speelgroep
Klein-Brakrivier

Gedurende Mei 2001 het Irma de Wet in ‘n geloofstap ‘n speelskool, KABOUTERLAND, begin vir die kleuters van die informele nedersetting POWERTOWN. Die “skooltjie” is op die erf van Retha Nel te Riverside, Klein-Brakrivier geleë. Elke oggend om 06:50 word die 10 kleuters per motor gehaal en middae na 14:00 weer teruggeneem.

Die kleuters wissel van 4—6 jaar. Klem word gelê op veral die aanleer van lewensvaardighede en die verskaffing van twee gebalanseerde maaltye per dag. Kinders kry baie geleentheid om te speel en met behulp van donasies is pragtige apparaat voorsien asook ‘n speelkamer.

Elke mens het die reg om na die sterre te reik. Hierdie kinders het so min geleentheid in die lewe en in Kabouterland word hulle aangemoedig om na die sterre te reik, ongeag hul omstandighede.

Wanneer kinders skoolgaande ouderdom bereik, doen Irma self die inskrywings by die skool en so het 41 kinders al vanuit Kabouterland “groot skool” toe gegaan.

Geen subsidie word vir die speelgroep ontvang nie en die hulp van donateurs is van onskatbare waarde. Wat altyd nodig is, is voedsel, skryfbehoeftes, kleuter storieboeke, klere en natuurlik ook die nodige finansies vir die dag tot dag uitgawes.

Op 2 Augustus 2006 het Kabouterland se “skoolgebou” met die vloed in die slag gebly en moes gesloop word. Met die hulp van donateurs is ‘n nuwe geboutjie opgerig en tans word daar hard gewerk om alles wat vernietig is weer te vervang. Dit is werklik net die Here se seën wat gehelp het dat die speelgroep kan voortgaan.

Kabouterland is geïdentifiseer as een van Tuinroete Agri se opvoedkundige projekte. Indien iemand betrokke wil raak by die speelgroep, kontak Irma gerus by 044-696-6321 of 084-391-2276. Besoekers is ook altyd welkom.

ONTHOU!!!

Vanaf 1 Maart 2007 ontvang u u oorspronklike belastingfakture by die verkoopstoonbanke. Geen fakture sal dus aan die maandstaat geheg en uitgestuur word nie!! **Maak asseblief seker dat u u belastingfaktuur bewaar!!**

TUINROETE AGRI AANDELE



Die los-aandele aanbod (minder as 5 000 aandele) is suksesvol voltooi en is die getal aandeelhouers verminder van 1446 tot 830 aandeelhouers.

The capital pay-out of R0-80 per share was also made to our shareholders through their accounts at Tuinroete Agri.

Aandeelverhandelings het op 19 Februarie 2007 weer begin plaasvind.

Share prices on 22 February 2007 were as follows:

Last sale: 148 657 shares at R2-57 per share. Sellers offer 8 182 shares at R2-60 per share, 100 000 at R3-00 per share and buyers offer at R2-57 per share.

Die kultivaraanbevelings van die Riversdal Wintergraan-bedryfskomitee is op die graankennisgewingborde beskikbaar. U kan ook die dokument by u silo kry. Reël asseblief betyds vir saad met u silobestuurder.

C. Kotzé

RIVERSDAL MENGEENHEID

Vir gebalanseerde voermengsels vir melk- en vleisbeeste, varke, perde en hoenders!

Skakel gerus een van die volgende persone:

Hanno Laufs *083-380-1314*
Piet Joubert *082-562-7508*

LUPIEN VOORUITKONTRAK

'n Vooruitkontrak vir lewering van breëblaar soetlupiene (L.Albus) is nou beskikbaar @ R1 250. Lewering te Riversdal silo/VME. Aanvanklik 'n beperkte hoeveelheid tot 500 ton. Om aanspraak op die prys te maak moet u 'n kontrak onderteken. Die bekendste kultivar is Cedara (CED6150). Let daarop dat soet smalblaar (L.Angustifolius), kultivar is o.a. Tangil, Wonga en Quilinock teen 'n diskonto van R150 aangekoop sal word weens die laer proteïeninhoud.

Die aanbod kan enige stadium onttrek word.

Christo Kotzé

www.tagri.co.za